

Heilbron Fynproewers kuier weer saam

Alle Heilbron Fynproewers, onthou die eerste byeenkoms vind plaas op Vrydag, 2 Februarie 2018. Sien uit om julle almal weer te sien en

lekker te kuier rondom 'n heerlike bord kos!

Tema: Verrassingsaand

Tyd: 19:00

Plek: Klipkerkie

Terugblik



PROJEK "TEDDY BEAR PATROL" - Vrydag, 11 Augustus 2000

'n Paar weke gelede was daar 'n berig in die Herald aangaande hierdie projek. Die Hoërskool Heilbron het self speelgoed bymekaar gemaak en dit aan die SAPD oorhandig. Hierdie speelgoed is bestem vir kinders was getraumatiseer is deur een of ander misdaad. Die gemeenskap is welkom om nog "Teddys" af te gee by die plaaslike SAPD kantore. Op die foto verskyn Kaptein Snyman saam met Mnr. Smith, Elma van Jaarsveld en Kobus le Roux tydens die oorhandiging.

KANSA rig waarskuwing aan gemeenskap



KANSA Bethlehem rig 'n waarskuwing aan die gemeenskap uit dat daar iemand in die omgewing van Heilbron en omliggende gedeeltes mense skakel vir donasies wat aan KANSA gemaak moet word. KANSA is nie bewus van so 'n persoon wat namens hulle optree nie. Hulle versoek dat

indien iemand jou kontak met so 'n versoek, dat jy die persoon se naam en telefoon nommer moet kry sodat KANSA ondersoek kan instel. KANSA nou ook elkeen uit wat graag betrokke wil word, na 'n vergadering op 1 Februarie by die Riemlander Trading Post.

Benodigdhede vir lisensie hernuwing

- 2 ID fotos • 'n ID afskrif • 'n lisensie afskrif

Al die benodigdhede kan by Heilbron Herald verkry word.

Huis- & Tuinbouklub



Die Huis- en Tuinbouklub het 2018 Woensdag by Oelala afgeskop. Alles was mooi gemaak en heerlike drinkgoed was voorgesit. 'n Bekende bedryfshoof, Barend la Grange was die gasspreker en het die dames kom motiveer oor hoe belangrik die rol van 'n vrou in en om haar huis is. La Grange is 'n avontuurlustige persoon en reis graag rond. Hy noem ook in sy praatjie dat elke land sy eie uitdagings en probleme het, maar dit is uit-en-uit wat jy as persoon daarvan gaan maak. Hy moedig ook aan dat Heilbron kan verander na die fraaiste dorp, kennis en insig kan gebruik word om dit moontlik te kan maak. Op die foto vl: Barend la Grange, Mari Myburgh, Elbie Els en Erika Piater.

Verwelkom nuwe lede



Heilbron Dienssentrum verwelkom nuwe lede en sien uit vir die toekoms saam met hulle. Op die foto bo is Sue van der Westhuizen, Gerda Theron, Elzabe Cronje en Wyk Cronje. Die lede het ook by hierdie week se vergadering 'n boodskap ontvang uit Jesaja 49 wat daarop dui dat elkeen se naam op Sy handpalm gegraveer is.



Seer oog vir Heilbronners

Bourommel lê nou al hoe lank op die sygaardjie in Langmarkstraat. Dit is 'n seer oog vir nie net die Heilbronners nie, maar ook vir mense van ander dorpe wat Heilbron binnekom. Hoe mooi sal die dorp nie wees as almal van die gemeenskap saamstaan en die dorp probeer netjies en skoonhou nie.

Rooibos-wortelkoek

BESTANDDELE:

- 500ml meel
- 10ml bakpoeier
- 5ml koeksoda
- 2,5ml sout
- 5ml kaneel
- 5ml fyn neutmuskaat
- 2,5ml piment
- 4 groot eiers
- 500ml strooisuiker
- 10ml vanieljegeursel
- 125ml koppie olie
- 2 koppies gerasperde wortel
- 1 koppie rosyn (week oornag in rooibostee)
- 1 blikkie gemaalde pynappel, gedreineer
- 1 koppie okkerneute, grofgemaak

METODE:

1. Skakel die oond aan teen 180°C.
2. Meng die meel, bakpoeier, koeksoda, sout, kaneel, neutmuskaat en piment. Hou eenkant.

3. Meng die eiers tot liggeel in 'n elektriese menger, terwyl jy die suiker stadig byvoeg tot goed gemeng. Voeg die vanielje by en meng weer.
4. Stel die menger op stadige spoed en voeg die olie by. Meng goed.
5. Voeg die meelmengsel by.
6. Vou die wortels, rosyne, pynappel en okkerneute by in die mengsel in.
7. Skep in koekpanne en bak 40-50 minute.

